| | | |
|---|---|---|
| **Graad 6** | **Afrikaans Huistaal** | **Junie 2023** |
| **Vraestel 1** | **Afdeling A** | **Hardoplees** |

**Koerantberig:**

# Tone afgeruk op roltrap

*Aron Botha, Durban*

1 Sy besef sy het drie tone verloor, maar dit gaan hierdie elfjarige meisiekind nie keer om weer aan swem deel te neem of om te dans nie.

2 Cara Roothman het verlede Saterdagoggend in die Waterkant-winkelsentrum, in Durban, se roltrap verstrengel geraak. Sy was saam met haar ouers en jonger boetie toe hulle met die roltrap afbeweeg het. Haar regtervoet het tussen die kant van die roltrap en die glas verstrengel geraak. ’n Omstander het die noodknoppie gedruk, waarna die roltrap gaan staan het.

3 Noodwerkers is ontbied en sy is na die nabygeleë Durban-sentraal-hospitaal geneem. Sy het reeds twee operasies ondergaan om beenskerwe uit haar voet waar die tone afgeskeur is, te verwyder. Sy word vandeesweek weer geopereer.

4 Cara se ouma sê dit gaan elke dag beter met haar en hulle bid net daar kom nie infeksie in die voet nie. “Cara was baie moedeloos aan die begin, maar nou het sy dit begin aanvaar. Sy sê sy kan nog ten minste loop en swem en gaan nog ver kom met haar danslesse. Sy inspireer ons almal.”

5 Die bestuurder van die winkelsentrum voer aan dat Cara kaalvoet was toe sy op die roltrap geklim het.

6 Cara se ouma reken die roltrap is gevaarlik. “Die roltrap is in ’n swak toestand. Daar is tande wat ontbreek wat maklik aan enigiets kan vashaak. Daar is ook ’n groot gaping tussen die roltrap en die glas.”

7 Meneer Terry Kleynhans van die roltrapvereniging het gesê dat mense nie kaalvoet of met ooptoonskoene op roltrappe moet ry nie. Nóg ’n vereiste vir ’n veilige roltrap is dat die gaping tussen die kant van die trap en die balustrade baie klein moet wees. Daar moet ook waarskuwingsborde aangebring word wat onder meer maan teen gevare soos om nie op die handrelings te sit nie en nie kaalvoet op die roltrap te ry nie.

**Hardoplees:** <u>Tone afgeruk op roltrap</u>

<u>Rubriek</u>

| | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|
| Vloeiend lees en pousering: | 1 | 2 | 3 | 4 | 5 |
| Stemtoon, lees met gevoel en stembuiging: | 1 | 2 | 3 | 4 | 5 |
| Beklemtoning, hoorbaarheid en uitspraak: | 1 | 2 | 3 | 4 | 5 |

**Totaal: 15** **/15**

| | | |
|---|---|---|
| **Kwartaal 1** | **Afrikaans Huistaal** | **Junie 2023** |
| **Vraestel 1** | **Afdeling B** | **Luister en praat** |

**Legende:** Hoe Sakabula sy lang stert gekry het

1 Die broers, Bombu en Mpofu, is ’n identiese tweeling. Niemand kon hulle uitken nie. Gevolglik sit hulle toe blou krale om Bombu se nek en groen krale om Mpofu se nek. Op hierdie manier kon almal die tweeling uitken.

2 Die tweeling was groot vriende en het gereeld saamgespeel. Hulle het ook al hulle speelgoed met mekaar gedeel: klippies, vere, stokke en saadjies.

3 Op ’n dag gaan hulle weer veld toe. Hulle sien ’n voël in die gras. Albei spring opgewonde nader en gryp die voël. Beide reken dat dit sy voël is. Bombu gryp die voël aan sy kop en Mpofu gryp die arme voël aan sy stert. Terwyl Bombu die arme voël aan sy kop trek, trek Mpofu dit aan sy stert. Die arme voël skree en gaan te kere, maar die twee boeties hoor hom nie eens nie. Hulle trek harder en harder. Sy stert word langer en langer. Naderhand hang die arme voël halfdood in hulle hande.

4 Die twee seuns gewaar hoe lank die voël se stert al is. Hulle sien ook dat hy al halfdood is. “Dis nie regverdig om ’n voël dood te maak net om te sê dat die voël aan jou behoort nie,” sê Bombu.

5 Hulle los die voël en hy val op die grond. Hulle probeer sy stertvere terugdruk, maar die vere word nog langer en langer.

6 “Tongaa, die towenaar, sal ons straf, aangesien ons stout was en ’n voël baie seergemaak het!” huil die twee seuns.

7 “Julle is reg. Ek sal julle straf,” sê ’n diep stem uit die bos. Dis Tongaa. “Julle sal van nou af nooit weer ’n voël as troeteldier kan hê nie. ’n Mens maak nie onskuldige diere seer net om jou sin te kry nie.”

| | | |
|---|---|---|
| **1** | **Luister na paragraaf 3. Bespreek die ruimte.** | /1 |
| **2** | **Hoe hou die opskrif verband met paragraaf 3?** | /1 |
| **3** | **Noem slegs EEN karakter wat in paragraaf 3 handelend optree.** | /1 |
| **4** | **Wat was die gevolg van hulle onaanvaarbare daad?** | /1 |
| **5** | **Watter morele les leer ons in die bostaande legende?** | /1 |

**Praat:** As ek maar net nie so selfsugtig was nie!

Rubriek

| | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|
| Vloeiend praat en pousering: | 1 | 2 | 3 | 4 | 5 |
| Stemtoon, stembuiging en beklemtoning: | 1 | 2 | 3 | 4 | 5 |
| Hoorbaarheid, oogkontak en gesigsuitdrukking: | 1 | 2 | 3 | 4 | 5 |

**Totaal: 20** **/20**

| | | |
|---|---|---|
| **Graad 6** | **Afrikaans Huistaal** | **Junie 2023** |
| **Vraestel 2** | **Afdeling A** | **Leesbegrip** |

**1 Advertensie:** Geldinsameling

# *Ondersteun ons bejaardes!*

| | |
|---|---|
| **Plek:** | Huis Goedversorg |
| **Datum:** | 28 Mei 2023 |
| **Ten bate van:** | Opknapping van kamers in Huis Goedversorg |
| **Toegang:** | R80 per persoon |
| **Kaartjies:** | Te koop by die kantoor van Huis Goedversorg en by Spar |
| **Te koop:** | Truie gebrei deur bejaardes<br>Tuisgemaakte konfyt<br>Vetplante in tuisgemaakte blikkies |
| **Verversings:** | Koeldrank<br>Vleispasteie vars uit die oond<br>Worsbroodjies<br>Tuisgemaakte vetkoek |
| **Kontak:** | Trudie Pieters |
| **Kontaknommer:** | 053 541 3002 |

**Kom ondersteun ons. Ons is dit aan ons bejaardes verskuldig!!!**

**1.1 Wie is die teikenmark vir die bostaande advertensie?** (1)

**1.2 Noem slegs EEN plek waar kaartjies te koop is.** (1)

**1.3 Word 'n produk, 'n aangeleentheid of 'n diens in die bostaande advertensie geadverteer?** (1)

**1.4 Reken jy dat die organiseerders van die bostaande advertensie vir die oues van dae omgee? Verskaf die rede vir jou antwoord.** (1)

**Totaal: 4** **/4**

**2** **Artikel:** Bullebakke en boelies

1 ’n Ander woord vir ’n bullebak is ’n boelie. Boelie is van die Engelse woord *bully* afgelei. Hulle staan ook as afknouers bekend – dit beskryf presies wat hy doen.

2 Hy mag met bak arms op die skoolterrein marsjeer en kleiner kindertjies afknou. Soms het hy ook ’n paar jillende meelopers wat hom op ’n vreemde manier “bewonder” wanneer hy ’n swakker kind se gesig sadisties in ’n plas water druk of hom hardhandig stamp sodat hy agteroor op die grond val.

3 Sommige bullebakke knou ander kinders nie fisies af nie. Hulle skep ’n sieklike behae daarin om sweepslae met hul tonge uit te deel. Hulle is geneig om veral teruggetrokke kinders te verneder. In hierdie geval is die afknouers en hul slagoffers veral meisies. Die hartseer is dat selfs ouers hul kinders verbaal kan verkleineer.

4 Dikwels loop sulke boelies agter die fasade van bravade eintlik met ’n groot klomp onhanteerbare seer in hul binneste rond. Hulle is dikwels self die slagoffers van ander boelies. Hulle mag deur hul ouers of ander familielede fisies mishandel word. Soms mag hulle aan ’n minderwaardigheidsgevoel ly, aangesien hulle niks reg kan doen in hul ouers se oë nie. In hierdie geval mag hulle verbaal deur hul ouers geboelie word. Soms mag kinders nie genoeg liefde van hul ouers ontvang nie. Hulle reken dan dat hul slagoffers ook nie geregtig is op liefde nie.

5 Indien ’n kind by jou kom kla dat hy geboelie word, luister altyd na hom. Moenie vir hom sê dat jy nie betrokke wil wees nie. Gee aan hom raad oor wat om te doen. Probeer hom oortuig om met sy onderwyser of ouers daaroor te praat. Indien hy nie met ’n grootmens daaroor wil praat nie, bied aan om namens hom met ’n grootmens daaroor te praat. Die onderwysers moet ook altyd weet indien ’n kind geboelie word. Dan sal hulle die gedrag van die persoon wat geboelie word, beter verstaan. Óók kan die onderwyser dan teenoor die boelie optree. Trek hierdie kind ook by jou vriendekring in, sodat hy kan voel dat hy deel van ’n groep kinders is wat graag met hom wil speel en waar hy tuis kan voel. Hy sal ook veiliger voel tussen vriende wat hom aanvaar.

Aangepas uit: *www.mieliestronk.com*

**2.1** **Noem slegs EEN manier hoe boelies hul slagoffers in die bostaande leesstuk fisies kan boelie.** (1)

**2.2** **Lees paragraaf 3. Op watter TWEE maniere kan ’n slagoffer geboelie word?** (2)

**2.3** **Verskaf TWEE redes waarom onderwysers daarvan kennis moet dra indien ’n kind geboelie word.** (2)

**2.4** **Is die inhoud van die bostaande leesstuk geloofwaardig? Verskaf die rede vir jou antwoord.** (1)

**Totaal: 6** **/6**

**3 Fabel:** Wolfhond red Gemmerkat se lewe

1 Lank gelede toe katte nog op hul eie in die groot bos gewoon het, het ’n gerug die ronde begin doen dat die honde tussen hulle wou kom woon. Hieroor was die katte baie ontsteld. Gemmerkat, die selfaangestelde leier, het dadelik ’n noodvergadering byeengeroep. Al die katte was daar. Nie één kat wou saam met die honde bly nie.

2 Die Persiese kat: *(Terwyl sy haar lui uitrek)* “Vir wat wil hulle nou tussen ons kom bly? Hulle het mos hulle eie plek.”

3 Gemmerkat: “Die honde voel dat hulle plek te klein is. Daarom wil hulle by ons kom bly.”

4 Gryskat: “Ons kan nie toelaat dat hulle hier tussen ons kom woon nie. Alle honde is vuil. Het julle al ooit ’n hond gesien wat homself was?”

5 Witkat: “Hulle is ook te lui om muise en rotte te vang.”

6 “Hulle kan ook nie eers boomklim soos ons nie,” grom Swartkat.

7 “Kom ons stem. Dié wat reken dat hulle by ons kan kom bly, lig die sterte,” versoek Gemmerkat. Almal se sterte bly af.

8 Op ’n dag het daar ’n hewige storm uitgebreek. Die weerlig het ’n hoë boom raakgeslaan en gou was daar ’n vreeslike brand in die bos. Al die katte vlug voor die vlamme uit, maar Gemmerkat was al te oud om vinnig te kon weghardloop. Skielik was die vlamme reg rondom haar. Sy miaau vreesbevange, maar tevergeefs. Die ander katte kon haar nie hoor nie. Die volgende oomblik voel sy hoe iets haar aan die nek optel, met haar oor die vlamme spring en haar versigtig by die ander katte neersit. En wat sou sy sien? Dit was Wolfhond wat haar lewe gered het.

9 “Gelukkig kan ons honde baie goed hoor. Ek het gehoor hoe jy miaau en gesien dat jy in die moeilikheid is. Ek het so vinnig moontlik gehardloop om jou te red. As ons sien dat ’n ander dier in gevaar is, moet ons hom of haar altyd help.”

10 Die ander katte voel nou sleg. Van daardie dag af leef honde en katte in vrede saam.

(Lydia Gittens, ongepubliseer)

**3.1 Verskaf slegs EEN <u>rede</u> waarom die katte nie wou hê dat die honde by hulle moes kom bly nie.** (1)

**3.2 Lees paragraaf 9. Bespreek die <u>ruimte</u>.** (1)

**3.3 Watter dierekarakter het oor goeie <u>karaktereienskappe</u> beskik?** (1)

**3.4 Watter <u>morele les</u> leer ons uit die bostaande leesstuk?** (1)

**3.5 Waarom reken jy die ander katte het sleg gevoel?** (1)

**3.6 Verskaf slegs EEN rede waarom die bostaande leesteks ’n voorbeeld van ’n <u>fabel</u> is.** (1)

**Totaal: 6** **/6**

**4 Drama:** <u>Kosan se towerpyl en -boog</u>

*Kosan raak laat die middag wakker waar hy onder die boom lê. Hy ruk soos hy skrik toe hy ’n vreemde man voor hom sien staan. Die man het ’n spits gesig soos dié van ’n jakkals.*

Jakkalsman: *(Nuuskierig)* Middag seun, wat maak jy so alleen hier in die bos?

Kosan: (*Eerbiedig)* Ek het tarentale kom skiet.

Jakkalsman: *(Sug)* Ek het vandag ver gestap. Nou is ek moeg en honger. Ek hoop jy het vir my iets om te eet.

*Die man is baie maer. Kosan kry hom jammer. Hy gryp sy pyl en boog.*

Kosan: *(Terwyl hy opstaan)* Wag hier. Ek is nou-nou terug.

*Kosan stap die bosse in. Ná ’n rukkie kom hy terug met ’n lekker vet tarentaal.*

Jakkalsman: *(Verbaas)* Hoe het jy dit reggekry om so vinnig ’n tarentaal te kon skiet?

Kosan: Maklik. Dis ’n towerpyl en -boog hierdie. Ek kan niks mis skiet nie.

*Teen die aand maak hulle ’n groot vuur en braai die tarentaal op die vuur.*

Jakkalsman: (*Vriendelik)* Ek wil jou pyl en boog koop.

Kosan: Dis nie te koop nie. Dis ’n geskenk wat my oupa vir my gegee het.

Jakkalsman: (*Haal ’n tienrandnoot uit*) Ek gee jou hierdie tienrandnoot.

Kosan: *(Vasberade)* Ek sê jou mos dat ek dit nie verkoop nie.

Jakkalsman: *(Haal ’n ring uit)* Wel, ek gee jou die tienrandnoot, sowel as die ring.

*Jakkalsman raak kwaad en probeer die pyl en boog uit Kosan se hande gryp.*

Kosan: *(Praat met die pyl)* Tref die jakkalsman, pyl!

*Die jakkalsman slaan op vlug nog voordat die pyl hom kon tref.*

**4.1 Skryf slegs EEN <u>toneelaanwysing</u> neer waar ons beweging aantref.** (1)
**4.2 Hoe weet ons dat die drama nie slegs in die <u>middag</u> afspeel nie?** (1)
**4.3 Van watter <u>karakter</u> word hier slegs melding gemaak?** (1)
**4.4 Watter <u>emosie</u> het Jakkalsman ervaar toe Kosan nie sy pyl en boog wou verkoop nie?** (1)
**4.5 Waarom sou jy sê dat daar <u>dialoog</u> in enige drama aangetref word?** (1)
**4.6 By watter karakter tref ons <u>karakterontwikkeling</u> aan? Verskaf die rede vir jou antwoord.** (1)

**Totaal: 6** **/6**

**5** **Gedig:** <u>Die vlermuis</u>

1 “Daar’s net een dier op aarde wat my
hinder.
En ek sal jou dit sê, vriend, sonder om te skinder.
Dis die nag se wrede spotprent van ’n vlinder.

2 Hy draai, hy swaai. Hy’s hier, hy’s daar… hy’s nêrens tuis.
Hy het geen koers of doel, lyk dit, vlieg dwars, vlieg kruis.
Kry hy nooit rus, die vlerre-, vlerre-, vlerremuis?

3 Hy hang hier, spartelend, swart teen die sterre.
Hy val-val deur die lug, nou herwaarts en dan derre.
Kom hy van heinde of kom hy van verre?

4 Jy hoor iets soos ’n strykstok skraap sonder
harpuis.
Iets vat-vat aan jou wang soos ’n dooie man se
vuis.
Die sekeltjie van sy swart vlerke, skielik, suis
vlak by jou oor verby. Jy kry die hoendervlees
tot in jou nek. Jy ril, jy skrik. Wat kan dit wees?
Hy’s weg. Hy’s deel weer van die nag se skaduwees.

5 Jy weet net dit: hy’s swart, pikswart, of hy beswadder
is van die nag se roet, swarter as die nagadder
wat wriemel van die slyk… en hy fladder, fladder, fladder.” *Uys Krige*

Uit: *Keur vir ons Kinders; Gegradueerde Gediggies vir kleuter- en laerskole*

**5.1** **Wie is die <u>digter</u> van die bostaande gedig?** (1)

**5.2** **Skryf die TWEE versreëls in strofe 1 neer waar ons ’n <u>enjambement</u> aantref.** (1)

**5.3** **Waarna verwys: *<u>Dis die nag se wrede spotprent van ’n vlinder</u>* in strofe 1 versreël 4?** (1)

**5.4** **Watter <u>effek</u> verkry ons deur “val” in strofe 3 te herhaal?** (1)

**5.5** **Skryf die <u>klanknabootsende woord</u> in strofe 4 neer.** (1)

**5.6** **Waarmee word die vlermuis in strofe 5 <u>vergelyk</u>?** (1)

**5.7** **Skryf die gedeelte uit ’n versreël in strofe 5 neer wat daarop dui dat die vlermuis aanhoudend vlieg.** (1)

**5.8** **Wat is die <u>kerngedagte</u> van die bostaande gedig?** (1)

**Totaal: 8** **/8**

**GROOT TOTAAL: 30** **/30**

**Graad 6** | **Afrikaans Huistaal** | **Junie 2023**

**Vraestel 2** | **Afdeling B** | **Taal**

**Kortverhaal:** Tant Matilda se erfgenaam

1 Kort voor haar 90ste verjaardag kry elke lid van die familie ’n handgeskrewe brief van tant Matilda. “Een van die dae gaan ek tot sterwe kom. Die een wat vir my verjaardag die belangrikste geskenk bring, sal my erfgenaam wees.”

2 Dokter Danny se vrou sê vir hom dat hy vir haar ’n Mercedes Benz moet koop. Sy het geweet tant Matilda wou graag ’n Mercedes hê.

Dis die dag van tant Matilda se verjaardagpartytjie. Dokter Danny se nuwe Mercedes staan voor die deur, terwyl die ander se geskenke in die sitkamer uitgestal is. “Wat het Andrew gebring?” vra tant Matilda.

3 Andrew het koeverte, wat almal aan tant Matilda geadresseer is, gebring. Hy deel ’n koevert vir elkeen uit. “Ons weet hoe graag tant Matilda briewe wil ontvang, maar niemand skryf vir haar nie. Julle gaan elkeen vir haar ’n brief skryf. Die familielid wie se brief sy net voor haar afsterwe ontvang, sal haar erfgenaam wees,” sê hy.

4 Tant Matilda het van oor tot oor gelag. “Andrew, jy sal my erfgenaam wees. Jy het die grootste geskenk vir my gegee. Nou kan ek ten minste in my eensaamheid julle almal se briewe lees.”

Almal was tevrede met haar besluit.

**1 Vorm ’n afgeleide werkwoord van die onderstreepte woord in reël 1.** (1)
**2 Skryf die bywoordelike uitbreiding van tyd in reël 2 neer.** (1)
**3 Skryf die byvoeglike naamwoord in reël 3 neer.** (1)
**4 Skryf reël 4 oor in die direkte rede.** (1)
**5 Gee die afkorting vir die onderstreepte woord in reël 4.** (1)
**6 Skryf reël 5 oor in die teenwoordige tyd.** (1)
**7 Gee die intensiewe vorm van die byvoeglike naamwoord vir die onderstreepte woord in reël 5.** (1)
**8 Skryf die onderstreepte sin in reël 6 oor as ’n vraagsin.** (1)
**9 Gee die basiswoord vir die onderstreepte woord in reël 9.** (1)
**10 Skryf die persoonlike voornaamwoord in reël 10 neer.** (1)
**11 Verdeel die onderstreepte woord in reël 11 in lettergrepe.** (1)
**12 Skryf die saamgestelde woord in reël 12 neer.** (1)
**13 Wat beteken die onderstreepte idiomatiese uitdrukking in reël 14?** (1)

**14** **Skryf die <u>abstrakte selfstandige naamwoord</u> in reël 16 neer.** (1)

**15** **Skryf reël 17 oor in die <u>ontkennende vorm</u>.** (1)

**Totaal: 15** **/15**

**<u>Graad 6</u>** **<u>Afrikaans Huistaal</u>** **<u>Junie 2023</u>**

**<u>Vraestel 3</u>** **<u>Skryf</u>**

**Skryf 'n <u>verhalende opstel</u> van 140–150 woorde oor EEN van die onderstaande.**

As my ouers maar net meer aandag aan my gegee het. /
Die storie het soos 'n veldbrand versprei.

<u>Rubriek</u>

| | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|
| Inhoud, taalgebruik en interessant: | 1 | 2 | 3 | 4 | 5 |
| Ruimte, gebeure en chronologie: | 1 | 2 | 3 | 4 | 5 |
| Karaktereienskappe, -ontwikkeling en emosies: | 1 | 2 | 3 | 4 | 5 |
| Beplanning en paragrafering: | 1 | 2 | 3 | 4 | 5 |

**Of**

**Skryf 'n <u>biografie</u> van 130–140 woorde oor EEN van die onderstaande.**

Die biografie van 'n filmster / 'n rugbyspeler / 'n sportheld / 'n persoon van jou keuse

<u>Rubriek</u>

| | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|
| Gebeure, chronologie en interessant: | 1 | 2 | 3 | 4 | 5 |
| Karaktereienskappe, -ontwikkeling en emosies: | 1 | 2 | 3 | 4 | 5 |
| Taalgebruik, woordorde en woordeskat: | 1 | 2 | 3 | 4 | 5 |
| Ruimte, beplanning en paragrafering: | 1 | 2 | 3 | 4 | 5 |

**Totaal: 20** **/20**

**EN**

**Voer 'n <u>onderhoud</u> van 100–120 woorde oor EEN van die onderstaande.**

Voer 'n onderhoud met 'n enkelouer / 'n sportheld / 'n sielkundige.

<u>Rubriek</u>

| | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|
| Ruimte en beskrywings: | 1 | 2 | 3 | 4 | 5 |
| Formaat, dialoog en punktuasie: | 1 | 2 | 3 | 4 | 5 |

**Of**

**Skryf 'n <u>gedig</u> van 60–80 woorde oor EEN van die onderstaande.**

Warrelwind / Jou vabond / Die krukke-vrou / Ek is 'n boklam

Rubriek

| | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|
| Strofes, versreëls, ritme, rym en effekte: | 1 | 2 | 3 | 4 | 5 |
| Vergelyking, metafoor en personifikasie: | 1 | 2 | 3 | 4 | 5 |

**Totaal: 10** **/10**

**Memorandum**

**Legende:** Hoe Sakabula sy lang stert gekry het

1 In die veld. (1)

2 Hier word beskryf hoe Sakabula se stert langer en langer geword het. /
Die voël se stert het langer geword, aangesien die een seun hom aan sy kop en die ander seun hom aan sy stert getrek het. (1)

3 Bombu / Mpofu (**slegs EEN)** (1)

4 Hulle sal nooit weer ’n voël as troeteldier kan hê nie. (1)

5 Ons moenie selfsugtig wees nie. /
Ons moenie diere seermaak of doodmaak nét omdat ons die dier wil hê nie.
**(enige ander aanvaarbare antwoord)** (1)

**1 Advertensie:** Geldinsameling

1.1 Persone wat vir bejaardes omgee. (1)

1.2 By die kantoor van Huis Goedversorg. /
By Spar **(slegs EEN)** (1)

1.3 ’n Aangeleentheid word hier geadverteer. (1)

1.4 Ja. Hulle wil graag hê dat die bejaardes so tuis moontlik in hul kamers moet voel.
**(enige ander aanvaarbare antwoord)** (1)

**2 Artikel:** Bullebakke en boelies

2.1 Hulle sadisties in ’n plas water druk. /
Hulle hardhandig stamp sodat hulle agteroor val. /
Hulle word mishandel. **(slegs EEN)** (1)

2.2.1 Hulle word fisies geboelie.
2.2.2 Hulle word verbaal geboelie. (2)

2.3.1 Hulle sal die gedrag van die kind wat geboelie word, beter verstaan.
2.3.2 Hulle kan teenoor die boelie optree. (2)

2.4 Ja. Kinders kan ander kinders boelie.
**(enige ander aanvaarbare antwoord wat met die inhoud van die bostaande leesstuk verband hou)** (1)

**3 Fabel:** Wolfhond red Gemmerkat se lewe

3.1 Gryskat reken dat alle honde vuil is. /
Witkat reken dat hulle te lui is om muise en rotte te vang. /
Swartkat reken dat hulle nie eers kan boomklim nie. **(slegs EEN)** (1)

3.2 In die bos. (1)

3.3 Wolfhond het oor goeie karaktereienskappe beskik. (1)

3.4 Ons moet ander help as hulle in die nood of in gevaar is. (1)

3.5 Aangesien Wolfhond Gemmerkat se lewe gered het al wou hulle nie hê dat die honde by hulle moes kom bly nie. (1)

3.6 Diere tree as karakters op. /
Diere kan praat. /
Dit word van geslag tot geslag oorvertel. /
'n Morele les word hier geleer. /
Diere kan oor goeie of slegte karaktereienskappe beskik. **(slegs EEN)** (1)

**4 Drama:** Die towerpyl en -boog

4.1 Kosan: (*Terwyl hy opstaan*) Wag hier. Ek is nou-nou terug. /
Jakkalsman: (*Haal 'n tienrandnoot uit*) Ek gee jou hierdie tienrandnoot. /
Jakkalsman: (*Haal 'n ring uit*) Wel, ek gee jou die tienrandnoot, sowel as die ring.
**(slegs EEN)** (1)

4.2 Kosan het die middag laat die jakkalsman ontmoet en daardie aand het hulle die tarentaal gebraai.
**(enige ander aanvaarbare antwoord wat met die inhoud verband hou)** (1)

4.3 Hier word van Kosan se oupa slegs melding gemaak. (1)

4.4 Die emosie van woede. (1)

4.5 Aangesien mense met mekaar praat. (1)

4.6 Karakter
Ons tref by die jakkalsman karakterontwikkeling aan.

Karakterontwikkeling
Aanvanklik was hy gaaf, maar toe Kosan nie sy pyl en boog wou verkoop nie, het hy kwaad geword. (1)

**5 Gedig:** Die vlermuis

5.1 Digter
Uys Krige is die digter. (1)

5.2 Enjambement

"Daar's net een dier op aarde wat my
hinder." (1)

5.3 Dit verwys na die vlermuis. (1)

5.4 Die effek van beweging. (1)

5.5 Klanknabootsende woord
"Die sekeltjie van sy swart vlerke, skielik, suis
vlak by jou oor verby." (1)

5.6 Vergelyking
Dit word met swart roet vergelyk. (1)

5.7 "…en hy fladder, fladder, fladder." (1)

5.8 Die persoon ril vir 'n vlermuis en skrik as een in sy rigting vlieg. (1)

**Vraestel 2** **Afdeling B** **Taal**

1 **Afgeleide werkwoord**
Kort – verkort (1)

2 **Bywoordelike uitbreiding van tyd**
"Een van die dae gaan ek tot sterwe kom." (1)

3 **Byvoeglike naamwoord**
Die belangrikste geskenk. (1)

4 **Direkte rede**
Dokter Danny se vrou sê vir hom: "Jy moet vir haar 'n Mercedes Benz koop." (1)

5 **Afkorting**
Dr. Danny se vrou sê vir hom dat hy 'n Mercedes Benz vir haar moet koop. (1)

6 **Teenwoordige tyd**
Sy weet tant Matilda wil graag 'n Mercedes hê. (1)

7 **Intensiewe vorm van die byvoeglike naamwoord**
Sy wil dolgraag 'n Mercedes Benz hê. (1)

8 **Vraagsin**
Is dit die dag van tant Matilda se verjaardagpartytjie? (1)

9 **Basiswoord**
Geadresseer – adres (1)

10 **Persoonlike voornaamwoord**
Ons weet sy wil graag briewe ontvang. (1)

11 **Lettergreepverdeling**
Niemand – nie/mand (1)

12 **Saamgestelde woord**
Die familielid wie se brief sy net voor haar afsterwe ontvang, sal haar erfgenaam wees. (1)

13 **Idiomatiese uitdrukking**
Tant Matilda het heerlik gelag. (1)

14 **Abstrakte selfstandige naamwoord**
Nou kan ek ten minste in my eensaamheid almal se briewe lees. (1)

15 **Ontkenning**
Niemand was tevrede met haar besluit nie. /
Nie álmal was tevrede met haar besluit nie. (1)

## Naslaanbronne


**Koerantberig:** Tone afgeruk op roltrap
**Almal Verstaan Afrikaans (lees)** *Macmillan Suid-Afrika (Edms) Bpk, 2012*
W Mentz

**Legende**: Hoe Sakabula sy lang stert gekry het
**Platinum Afrikaans Huistaal (leesboek)** *Maskew Miller Longman (Edms) Bpk, 2012*
Sonia Gouws, Mari Lätti

**Advertensie:** Geldinsameling
Eugene van der Westhuizen

**Artikel:** Bullebakke en boelies
**Almal Verstaan Afrikaans** *Macmillan Suid-Afrika (Edms) Bpk, 2012*
R Ferreira, M van den Heever

**Fabel:** Wolfhond red Gemmerkat se lewe
**Piekfyn Afrikaans Huistaal** *Best Books, 2012*
*Druknaam van NB-Uitgewers*
*Afdeling van Media24 Boeke (Edms) Bpk*
Rina Lamprecht, Minda Groenewald, Nelmari Smit

**Drama:** Kosan se towerpyl en -boog
**Via Afrika** *Via Afrika Publishers, 2013*
*Gedruk en gebind deur: Paarl Media*
J Anthony, HE Gelderbloem, TD Hoefnagels
JC Kitshoff, ME Schoeman, CJ van der Merwe

**Gedig:** Die vlermuis
**Almal Verstaan Afrikaans (leesboek)** *Macmillan Suid-Afrika (Edms) Bpk, 2012*
W Mentz

**Kortverhaal:** Tant Matilda se erfgenaam
**Kollig Op Afr. Eerste Addisionele Taal** *Pearson (Edms) Bpk, 2013*
Angie Aldridge, Annemari Roriston